# Immigrasie- & Visuminligting vir slagoffers van seksuele en interpersoonlike geweld

Internasionale studente en skoliere met vrae rakende hul immigrasie- en visumstatus word aanbeveel om die bystand van 'n immigrasieprokureur te kry. Hierdie dokument is slegs 'n hulpmiddel wat sekere aspekte van die wet verduidelik, maar kan nie as 'n plaasvervanger vir regsadvies gesien word nie.

**Ek was die slagoffer van geweld, beïnvloed my immigrasiestatus my vermoë om hulpbronne op kampus te gebruik?**

Nee. Kragtens die wet ontvang studente en personeel wat die slagoffers van seksuele en interpersoonlike geweld is dieselfde regte onder Titel IX van die 1972 Education Amendments (Titel IX) en die Violence Against Women Act (VAWA), ongeag van hul immigrasie- en visumstatus.

Inligting rakende mediese en beradingshulpbronne, sowel as beskikbare tegemoetkomings, kan gevind word by: https://1is2many.okstate.edu/

Inligting rakende die gedragskode vir studente kan gevind word by: https://studentconduct.okstate.edu/code

Die Kollege sal nie optree teenoor 'n student, of hom/haar anders hanteer as gevolg van die rapportering van 'n misdaad nie.

**Kan ek, as 'n gedokumenteerde of ongedokumenteerde immigrant, kriminele klagte lê?**

Ja. Inligting rakende jou staat se kriminele definisies van seksuele aanranding, gesinsgeweld, afspraakgeweld en agtervolging kan in die Jaarlikse Sekuriteitsverslag gekry word: https://police.okstate.edu/annual-security-reports

Spesifieke vrae rondom die lê van klagte kan gerig word aan:

Oklahoma State University Police Department, OSUPD
104 USDA Building, Stillwater, Oklahoma 74078
405-564-6523
https://police.okstate.edu/
1is2many@okstate.edu

**Is daar enige spesifieke visum- en immigrasiestatusse vir slagoffers van geweld?**

Ja. Vir slagoffers van seksuele aanranding, gesinsgeweld, afspraakgeweld en agtervolging, is daar ander visumopsies, onder andere die U- en T- visums. Vir meer detail, praat met 'n immigrasieprokureur.

| U-visum | T-visum |
|---|---|
| Vir slagoffers van erge fisieke en emosionele geweld as gevolg van sekere kriminele aktiwiteite, insluitend seksuele aanranding, gesinsgeweld, verkragting, aanranding, of soortgelyke misdade.<br>-Slagoffer / aansoeker moet die slagoffer van 'n kwalifiserende kriminele aktiwiteit wees en geag behulpsaam te wees in die ondersoek en / of vervolging van die kriminele aktiwiteit.<br>-Meestal geldig vir vier jaar<br>-Vir meer inligting, praat met 'n immigrasieprokureur, en kyk na:<br>http://www.uscis.gov/humanitarian/victims-human-trafficking-other-crimes/victims-criminal-activity-u-nonimmigrant-status/victims-criminal-activity-u-nonimmigrant-status | Vir slagoffers van mensehandel<br>-Moet voldoen aan redelike versoeke van wetstoepassers vir samewerking in die ondersoek en vervolging van oortredings (tensy onbevoeg om samewerking te gee weens fisieke of sielkundige trauma), en moet kan demonstreer dat die slagoffer / aansoeker erge swaarkry sal ervaar indien hy/sy uit die Verenigde State verwyder word.<br>-Meestal geldig vir vier jaar<br>-Vir meer inligting, praat met 'n immigrasieprokureur, en kyk na:<br>http://www.uscis.gov/humanitarian/victims-human-trafficking-other-crimes/victims-human-trafficking-t-nonimmigrant-status |

**Is daar 'n kantoor op kampus wat my van addisionele inligting kan voorsien?**

, International Students & Scholars
250 Student Union, Stillwater, OK 74078
405-744-5459
https://lcl.okstate.edu/iss/
su-iss@okstate.edu

Die Internasionale Studente en Skoliere Dienstekantoor kan handige inligting rondom immigrasiestatus verskaf. Neem kennis dat vir vrae rakende veranderinge aan visumstatusse, of wetlike opsies wat buite die standaard F-1 en J-1 studentvisums val, of werkgewer-geborgde visums, 'n gekwalifiseerde immigrasieprokureur geraadpleeg moet word.

| Visumopsies |
|---|

| F-1- en J-1-status studente | H-1B-, O-1-, E-3-, of TN-personeellede |
|---|---|
| • Opsies vir verlaagde kursuslading goedkeuring as gevolg van mediese kondisies bevestig deur 'n gelisensieerde mediese dokter, dokter van osteopatie, of gelisensieerde kliniese sielkundige<br>• Opsies vir, en die gevolge van, onttrekking van akademiese program<br>• Inligting om op 'n later datum na die akademiese program terug te keer indien die student verkies om te onttrek<br>• Opsies en gevolge vir meegaande eggenote<br>• Algemene inligting rondom opsies vir die verandering van visumstatus.<br>• Algemene inligting rondom U- en T-visums. (Verwysing na 'n gekwalifiseerde immigrasieprokureur)<br>• Verwysing na 'n gekwalifiseerde prokureur | • Opsies rondom die neem van verlof, en die gevolge vir jou immigrasiestatus<br>• Opsies en gevolge vir meegaande eggenote<br>• Algemene inligting in verband met opsies en die status van visums. (Verwysing na 'n gekwalifiseerde immigrasieprokureur)<br>• Algemene inligting in verband met U- en T-visums. (Verwysing na 'n gekwalifiseerde immigrasieprokureur)<br>• Verwysing na 'n gekwalifiseerde immigrasieprokureur<br>• Hangende permanente US-inwoners (groen kaart nog nie uitgereik nie)<br>• Die gevolge indien daar uitgetree word by die werkgewer op jou hangendewerkgewer-geborgde permanente inwonerskap-aansoek.<br>• Verwysing na 'n gekwalifiseerde prokureur |

**Wat is 'n immigrasieprokureur, en wat doen hulle?**

Immigrasieprokureurs is gelisensieerde prokureurs wat spesialiseer in immigrasiewetgewing. Hulle tree op namens die kliënt, en verteenwoordig die kliënt by immigrasie-agentskappe, beide in die immigrasiehof sowel as wanneer aansoeke om immigrasievoordele ingedien word. Die prokureur kan algemene advies verskaf en immigrasie-opsies bespreek. Soos alle prokureurs, word immigrasieprokureurs verbind tot professionele etiese en wetlike vereistes, en besprekings met die kliënt is vertroulik.

**Waar kan ek 'n plaaslike immigrasieprokureur kry?**

| | |
|---|---|
| U.S. Citizenship and Immigration Services (USCIS), 'n buro van die Department of Homeland Security (DHS), verskaf twee webtuistes om persone te help om verniet en lae-koste regsverteenwoordiging te kry: | |
| USCIS: Vind hulp op jou gemeenskapswebwerf | USCIS: Vind regsdienste webwerf |
| Die Board of Immigration Appeals (BIA) verskaf lyste van prokureurs per staat wat immigrasiedienste lewer, òf gratis òf vir 'n klein bedrag. | |
| Die American Immigration Lawyers Association (AILA) lewer 'n immigrasieprokureur-verwysingsdiens (aanlyn) wat 'n student of skolier kan help om 'n imigrasieprokureur te vind. | |
| Die American Bar Association verskaf ook inligting om regsdienste per staat te vind. | |